# 1.Bemarking van SA as ‘n toerismebestemming.

Hierdie skyfies moet in jou skrif oorgeskryf word

# BEMARKING VAN SA AS 'N TOERISMEBESTEMMING

## Hoekom is dit belangrik om SA internasionaal te bemark??

- Vermeerder jaarliks die **volume** van buitelandse aankomste. Dink net verder, meer toeriste beteken *meer inkomste, sterker ekonomie, toerismebesighede kan uitbrei, meer werksgeleenthede.*
- Die **bewustheid** van SA as 'n reisbestemming neem toe. Dink aan die *positiewe beeld* van SA wat in *potensiële toeriste* se koppe gevorm word.

## Die kernbesigheid van SAT (Suid-Afrikaanse Toerisme)

**1. Bemarking van SA internasionaal**

- Hoe doen hulle dit??
- Deelname aan groot reisuitstallings (plaaslik en internasionaal), Advertensies en Veldtogte, Aanbieding van opvoedkundige werksessies (internasionale vennote).
- Fokus op SAT se belangrikste markte. SAT het kantore in Australië, China, Frankryk , Duitsland, Indië, Italië, Japan, Nederland, VK en VSA.
- Sorg dat SAT se webwerf altyd opgedateer en aantreklik is.

**2. Instandhouding en verbetering van die standard van fasiliteite en dienste**

- Hoe doen hulle dit??
- <u>Graderingsorganisasies</u> soos TGCSA (Tourism Grading Council of SA) gradeer verblyf en sorg dat hoë standaarde in die akkommodasie sektor gehandhaaf word.
- <u>Toekennings</u> bv. Welcome Awards (Gee erkenning aan besighede wat uitstekende gashere is asook uitstekende diens lewer). Imvelo Toekennings ( Besighede wat verantwoordelike toerisme handhaaf). ETEYA toekennings (Gee erkenning aan die beste nuwe entrepreneurs/ toerisme besighede)
- <u>Konferensies</u> bv. SATTIC (South African Travel and Tourism Industry Conference – wat besighede aanmoedig om hoë standaarde van fasiliteite en dienste aan te bied en ander rolspelers in die bedryf te ontmoet.

**3. Koördinering van die bemarkingsaktiwiteite van rolspelers in die bedryf**

- Hoe doen hulle dit?
- Bemarkingspogings moet op plaaslike- en provinsiale vlakke ook geskied en du
inskakel by SAT se visie vir bemarking. M.a.w – dorpe en provinsies moet ook
werk om hulself te bemark.
- Klein toerismebesighede kan registreer op SAT se webwerf en sodoende ook h
besigheid hier bemark.

## Geleenthede om SA internasionaal te bemark??

- **<u>ITB (Berlyn)</u>**
- Word jaarliks (Maart) in Duitsland aangebied.
- Die wereld se voorste reisbedryf-uitstalling; lok meer as 170 000 besoekers uit
as 180 lande. Besoekers, besighede en uitstallers woon dit by.
- Alle vlakke van die bedryf is teenwoordig: Toeroperateurs, bestemmings, lugd
hotelle, motorhuurmaatskappye en besprekingsenjins.
- Wereldwye media-erkenning.

- **<u>World Travel Market (WTM – Londen)</u>**
- Word jaarliks (November) in VK aangebied.
- Ook 'n wereldwye reisbedryf geleentheid. Dit word genoem: 'n Lewendige vie
lange besigheid-tot-besigheid gebeurtenis".
- Geleentheid vir die wereldwye reisbedryf om mekaar te ontmoet, netwerke te
te onderhandel en sake te doen onder een dak.